

“Maak 2025 die jaar wat ons almal begin optree”

Welkom 2

Die kern moet behoue bly **Error! Bookmark not defined.**

Om besighede te help om te groei en werk te skep – om jou toe te rus om daardie werk te kry jobs
..... **Error! Bookmark not defined.**

Die Wes-Kaap behou die rekord om Suid-Afrika se ekonomiese herlewing te lei **Error! Bookmark
not defined.**

'n Gesonde en versorgde bevolking **Error! Bookmark not defined.**

Ons bied hoop en werksgeleenthede deur middel van beleggings in infrastruktuur **Error!
Bookmark not defined.**

'n Veilige provinsie is 'n welvarende provinsie **Error! Bookmark not defined.**

Volhoubare befondsing vir die toekoms **Error! Bookmark not defined.**

Ons skep 'n toekoms-fikse provinsie **Error! Bookmark not defined.**

'n Florerende, werkryke ekonomie benodig betroubare, bekostigbare en hernubare water en
energie **Error! Bookmark not defined.**

Gevolgtrekking **Error! Bookmark not defined.**

Welkom

Agbare Speaker en Adjunkspeaker
Agbare Premier en Kabinetsministers
Agbare leier van die opposisie
Agbare leiers van opposisiepartye
Agbare lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Lede van die Konsulêre Korps
Departementshoofde
Uitvoerende burgemeesters en onderburgemeesters
Munisipale bestuurders
Spesiale gaste
Mense van die Wes-Kaap
Die spesiale mense van die Karoo en die beste lam in die wêreld!

Goeienaand. Molweni. Good Evening.

Ek is verootmoedig dat Zolani Mahola en Aaron Halevi gekies het om hul kragtige oproep aan elkeen van ons te deel om op te tree, terwyl ek die 2025- Provinsiale Staatsrede aan die mense van ons merkwaardige provinsie lewer.

Julle boodskap, gelewer deur die mag van musiek, is vir my baie relevant. Want optrede is presies wat van leierskap vereis word, veral in tye van onsekerheid. In Mei verlede jaar het ons almal ons hande opgesteek om te stem en daardie keuse gemaak. Maar leierskap begin nie net wanneer jy verkies word nie. Leierskap gaan oor hoe ons optree en hoe ons standvastig bly in 'n wêreld wat toenemend verdeeld en onseker voel.

Die afgelope vyf jaar het ons elke keer wanneer ek hierdie jaarlikse toespraak gelewer het groot uitdagings in die gesig gestaar. Of dit 'n befondsingstekort, 'n waterkrisis of 'n wêreldwye pandemie was; keer op keer is ons geroep om op te tree. Ja, dit het ons getoets. Ons het almal nog 'n paar gryns hare en plooi opgedoen. Maar ons het ook bewys – bo enige twyfel – dat ons kan aanpas, innoveer en reageer, ongeag die krisis.

'n Jaar gelede het ons erge brande bestry en saam met Eskom gewerk om die krag weer aan te kry vir meer as 40 000 inwoners van die Sentraal-Karoo. Twee jaar tevore het ons uit die ergste van die COVID-19-pandemie gekom. Voor dit het ons elke druppel water benut en seker gemaak dat Kaapstad se krane nie droogloop nie.

Elkeen van hierdie oomblikke en vele meer het ons gedwing om nuwe oplossings te vind, en vandag is ek trots om hier te staan en te sê dat ons:

- vennootskappe met munisipaliteite en die private sektor aangegaan het om teen 2035 5 700 MW se bekostigbare, betroubare hernubare energie by die netwerk te voeg;
- ons wetstoepassingspogings uitgebrei het deur meer beamptes en K-9-eenhede te ontplooi om ons gemeenskappe veiliger te maak; en
- skole binne 100 dae gebou het.

Dit is wat die Wes-Kaap kenmerk. Ons is altyd beskikbaar, maar nou vra ek dat ons almal dit met nog meer inspirasie en nog meer doen.

- Hoe ons reageer – beide as leiers en as inwoners – maak saak.
- Die manier waarop ons met mekaar omgaan maak saak.
- Om te luister met deernis en reageer met menslikheid maak saak.

- Om persoonlike verantwoordelikheid te neem – of dit nou rommel optel of groot beleidsuitdagings aanpak – maak saak.
- Om plek te maak vir moeilike gesprekke sonder om verdeeldheid aan te wakker maak saak.

In tye soos hierdie kan dit aanloklik wees om die maklike roete te volg – om politieke op te tree in plaas daarvan om die wêreld se boosaardige probleme op te los. Maar dit is nie wie ons is nie. Ons is nie bang om die moeilike oproepe te maak nie, want ons weet dat wanneer ons op een duidelike doel fokus ons iets buitengewoons kan behaal.

Die kern moet behoue bly

Hierdie provinsie maak staat op robuuste gesprekvoering en luistervermoëns.

Suid-Afrika gaan in 2025 die G20 en bykomende geleenthede aanbied; en die Wes-Kaap gaan as gasheer van die Streeksleiersberaad en ons eerste beleggingsberaad en vele ander optree.

Dit sal sleutelplatforms vir ons wees om ons visie te versterk en te verseker dat die beginsels van konstitusionalisme, oppergesag van die reg en respek vir menseregte beskerm word.

Die globale orde is in beroering, en ons gaan staan vir daardie sleutelbeginsels en is gekant teen die poging om die wêreld te hervorm om magsoptrede as geregtig te beskou.

Hierdie provinsie het sleutelverhoudings opgebou met 'n magdom internasionale vennote wat wil sien dat ons land en hierdie provinsie floreer. Ons sal voortdurend poog om hierdie verhoudings te verbeter en te koester, want ons weet dat dit alle partye sterker maak! Ons 30 jaar lange verhouding met die staat Beiere is maar een van vele voorbeelde.

Ons sal altyd openhartig wees, selfs wanneer dit ongemaklik is.

Ek hoop dat ons, deur samesprekings te kies en geduldig na mekaar te luister, ons menslikheid kan behou en kan verbeter en dat die kern stewig behoue kan bly, ongeag wat op die rand van die politieke debat ontvou.

Een van die grootste risiko's wat ons tans in die gesig staar, is dat baie van ons demokrasieë gaan wankel indien die gaping tussen die belofte van demokrasie en die uitkomst daarvan nie realiseer nie. Indien die frustrasies van ons inwoners nie aangespreek word nie, sal dekades van demokratiese vooruitgang verkrummel. Ons weet dat streng, suksesvolle demokrasieë gegrond op die oppergesag van die reg van kritieke belang vir ekonomiese groei is.

Om besighede te help uitbrei en werk te skep – om jou toe te rus om daardie werk te kry

Ons sonderlinge fokus die volgende vyf jaar is duidelik: Ons gaan alles in ons vermoë doen om besighede te help om ekonomiese groei te dryf sodat hulle meer werk skep, sodat julle, ons inwoners, werkseleenthede kan kry.

Hierdie verbintenis is vervat in ons Provinsiale Strategiese Plan 2025–2030 en is in lyn met die nasionale Mediumtermyn-ontwikkelingsplan, wat ons werk oor die volgende termyn gaan rig.

Meer mense kan werk kry in die Wes-Kaap as in enige ander plek in die land. Vir die laaste helfte van 2024 was ons indiensnemingskoers onder 20% op 19,6%. Die Wes-Kaap loop nou voor ten opsigte van al vier indiensnemingsmaatstawwe wat Statistieke Suid-Afrika kwartaalliks meet.

In die laaste paar maande is nog 62 000 werkseleenthede – byna die helfte van die 132 000 werkseleenthede wat nasionaal geskep is – in die Wes-Kaap geskep. Ons het nou:

- Suid-Afrika se hoogste absorpsiekoers op 55,2%, wat beteken dat meer mense wat werk soek, suksesvol werk kry.
- Die hoogste arbeidsmagdeelnamekoers op 68,7%, wat ons ekonomie se groeiende vermoë toon om nuwe werksoekers op te neem.

Dit is nie net syfers nie. Dit verteenwoordig regte mense – inwoners wat nou deel is van ons ekonomie, wat 'n inkomste verdien en 'n toekoms vir hulself en hul gesinne verseker. Dit is die storie van 'n provinsie wat optree.

Maar ons werk is nog lank nie klaar nie. Werkloosheid is steeds verskriklik hoog. Een uit elke vyf werksoekers kan steeds nie werk kry nie. Ons erken die kritieke behoefte aan maatskaplike toelaes vir die kwesbares onder ons, maar ek wil hê ons moet eerder mense fokus op mense wat aanbeweeg het van oorleef op maatskaplike toelaes omdat hulle 'n werk en 'n kans gekry het.

Ons weet ook dat programme soos Uitgebreide Openbare Werke ons inwoners help om daardie kritieke optrede te kry. Verlede week het die Wes-Kaapse Regering gemeenskapsinligtingsessies in Kwamandlenkosi, hier in Beaufort-Wes, aangebied om inwoners in te lig oor die komende Uitgebreide Openbare Werke Program (EPWP) se twee maand lange tydelike werkseleenthede.

'n Werk is meer as net finansiële sekerheid. Dit gee jou 'n doel. Dit herstel waardigheid. Maar swak nasionale ekonomiese groei hou ons terug. BBP per capita in 2023 was laer as wat dit in 2012 was. Dit beteken dat eerder as dat Suid-Afrikanners ryker word, word hulle in werklikheid armer, en die enigste manier om dit te verander is deur middel van sterk ekonomiese groei wat die grondslag van werkskepping is. Maar tussen 2019 en 2023 het die nasionale ekonomie met gemiddeld net 0,3% per jaar gegroei. Oor die afgelope vyf jaar het die nasionale indiensneming met net 2,1% toegeneem, wat nie eens tred gehou het met bevolkingsgroei nie – daar was 58 miljoen Suid-Afrikanners in 2019 en ons bevolking is op 63 miljoen in 2024 geskat.

Dink net as ons die ekonomiese groei van 1% na 2% na 5% kan laat groei – hoeveel meer mense sal die waardigheid ervaar wat met 'n werk gepaardgaan.

Suid-Afrika baan 'n nuwe weg deur ons Regering van Nasionale Eenheid (RNE).

Ons het ná die algemene verkiesing van 2024 'n nuwe land geword. Die RNE het Suid-Afrikanners 'n rede gegee om weer hoopvol te voel ná jare van die nasionale regering se mislukkings.

Ons gryp die geleentheid aan wat die RNE gebring het. In die Wes-Kaap sal ons alles in ons vermoë doen om die sukses daarvan vir ons inwoners te verseker.

Die RNE is onvolmaak. Ons erken dit. Maar ek glo die kern sal bly staan, en dat alle RNE-vennote – ongeag hul beleid en ideologieë – een ding in gemeen het: om ons inwoners eerste te stel sodat ons kan sien dat ons land werk.

Hier in die Wes-Kaap en Suid-Afrika is ons dikwels net bewus van alles wat verkeerd is. Maar ek is onlangs genooi om deel te neem aan die München-veiligheidskonferensie en wat my opgeval het, was dat terwyl die Noorde net kan praat oor tariewe, toenemende militêre besteding, oorlogbesnoeiings op kritieke hulp en verdeeldheid, het ons fokus hier in Suid-Afrika en veral in die Wes-Kaap baie meer na hoop en optimisme verskuif: in Suid-Afrika as gevolg van die hoop wat die RNE ons almal gegee het; in die Wes-Kaap omdat ons die provinsie van hoop en geleentheid in aksie is.

Die RNE is in wese gegrond op kompromieë, 'n sleutelbeginsel van demokrasie. In 'n wêreld waar mense probeer om ons in kampe van "ons en hulle" te verdeel, ondersteun ek hierdie gee-en-neem-benadering ten volle. Net twee onlangse praktiese voorbeelde illustreer dit vir my:

- Verlede week was ek in 'n vergadering met die nasionale minister van samewerkende regering en tradisionele sake en die Stad Kaapstad. Ons het regulasies bespreek waarvoor ons ernstige kommer gehad het. Ons het na mekaar se verskillende standpunte geluister en ooreengekom dat ons sal werk om binne 60 dae 'n kompromie te vind wat vir al drie regeringsfere aanvaarbaar is.
- Ons het dalk nie dadelik 'n nasionale begroting ter tafel gelê nie, maar die meeste politieke partye het die behoefte erken om die indiening van die nasionale begroting uit te stel. Hoekom? Omdat ons almal ons daarvoor bemoei het om nie ons burgers verder te belas met verhoogde belasting nie.

Alle Suid-Afrikaners het saamgestem dat ons, ondanks ons verskille, met trots hierdie land as gashere van die G20 sal verteenwoordig.

Terwyl die RNE die moeilike taak begin het om die ongeregtigheid van vorige administrasies reg te stel, worstel ons nou met die gevolge. Die volgende paar jaar gaan baie moeilik vir ons land wees terwyl ons werk om Suid-Afrika se trajek te verander.

Baie van die uitdagings gaan voort. Hierdie uitdagings, veral om Suid-Afrika se ekonomie aan die gang te kry, sal verder toeneem voordat die situasie verbeter.

Ons weet dat wanneer Suid-Afrika sukses behaal die Wes-Kaap dit ook doen, en ons sal voortbou op die grondslae wat hierdie regering gelê het om 'n florerende, werkryke ekonomie te verseker wat die werk van die RNE ondersteun.

Indien ons ernstig is om meer werksgeleenthede te skep, moet ons aanhou om druk uit te oefen sodat volhoubare ekonomiese groei plaasvind.

Dit is hoekom samewerking die sleutel is.

Deur ons vennootskappe met die RNE en inisiatiewe soos Operasie Vulindlela gaan ons werk om hindernisse wat in die pad staan van belegging te verwyder, rompslomp te verminder en die ekonomiese potensiaal te ontsluit wat besighede in staat stel om te groei en meer mense in diens te neem.

'n Kritiese deel van Operasie Vulindlela moet wees om die prestasie van die Kaapstadse Hawe (PoCT) dramaties te verbeter en ander hawens by Saldanha en Mosselbaai te ontwikkel.

Die TAD-groep van die Elgin-streek, wat uit meer as 50 plase bestaan, het die geraamde koste van ondoeltreffendheid by die PoCT vir die provinsie se peer- en appelbedryf op nagenoeg R1 miljard per jaar aangedui. Dit kom neer op 'n verlies van R26 000 per hektaar landbougrond.

Ons fasiliteer die daarstelling van 'n taakspan wat uit verskeie belanghebbendes bestaan, onder wie Wesgro en die Transnet Nasionale Haweowerheid, om oplossings vir operasionele uitdagings in en om die PoCT te ontwikkel.

Ons is nog versigtig oor die vordering wat gemaak word. Die hawe het laat verlede jaar 'n mylpaal behaal deur die langste vaartuig wat nog by die houerterminaal aangedoen het, te hanteer: die meer as 348 meter lange MSC Ines.

Indien ons vinnig en doelgerig optree, kan ons ekonomiese groei nasionaal dramaties verhoog tot meer as 3% indien die PoCT meer doeltreffend funksioneer.

Soos wat ons in die mobiliteit van vragte en logistiek belê, moet ons ook in die mobiliteit van ons inwoners belê. In Mobiliteitsmaand, verlede Oktober, het ek per trein van Bellville na die Kaapstadse middestad gery. Tienduisende mense maak daaglik op treine staat om by die werk en skool te kom.

Ons werk tans saam met PRASA om die voortdurende herstel van spoorweë as die ruggraat van openbare vervoer in ons provinsie te ondersteun. In die verlede het mense daaglik 600 000 reise elke dag in Kaapstad geneem, en nou is ons beste skatting 80 000. Dit is duidelik dat ons nog baie het om te doen.

Ons het in Desember 2024 ons 10 jaar van die Go George-busdiens gevier. Met sy nederige begin in 2014 met net 12 busse en drie roetes, het hierdie lewensbelangrike vervoer-reddingslyn gegroei tot 133 busse wat 33 roetes oor meer as 460 kilometer bedien. Duisende George-inwoners maak staat op hierdie diens, wat hulle daaglik ekonomiese geleentheid bied.

Ons het in Oktober 2024 'n nuwe Go George-busdiens bekendgestel wat Thembalethu met die George-nywerheidsgebied verbind. Dit verteenwoordig aansienlike vordering en bring bykomende dienste na die gemeenskap van Thembalethu, wat die diens aangegryp het, met daaglikse dagreise op weksdae vir byna 21 000 passasiers.

Die Wes-Kaap bewys dat wanneer die regte beleid en infrastruktuur in plek is, die regte beleggings volg, en werk geskep word.

Die Wes-Kaap het die rekord om Suid-Afrika se ekonomiese herlewing te lei.

Ek het in my kantoor 'n kaart van die wêreld met ons provinsie boaan die wêreld, want ons is die poort na die res van Suid-Afrika en Afrika:

- Ons het 296 Direkte Buitelandse Belegging (DBB)-projekte gelok, wat meer as R171 miljard vir die ekonomie beteken het, met Kaapstad en Stellenbosch wat onder die top 20 Suid-Afrikaanse stede vir inwaartse DBB-inisiatiewe gerangeer word.
- Ons het tussen 2021 en 2023 35 direkte beleggingsprojekte van EU-lidlande alleen aangeteken, altesaam R7,37 miljard.
- Een van Suid-Afrika se grootste sementmaatskappye bou 'n nuwe aanleg van R3 miljard hier.
- Ons rompslompverminderingseenheid het tot dusver 'n besparing van meer as R2,4 miljard vir besighede behaal. Ons het meer as 300 000 klein, mikro- en mediumgrootte ondernemings (KMMO's) in hierdie provinsie – dit is die drywers van ons ekonomie en werksgeleentheid.
- Ons KMMO-versterkingsfonds het 1 185 klein besighede bemagtig, wat meer as 1 000 werksgeleentheid geskep het en nog 5 000 onderhou het.
- Ons "Getting YOU to Work"-inisiatief – of die Werksoekersreisbewysprogram – werk daaraan om die hindernisse uit die weg te ruim vir werksoekers wat sukkel om by hul werksonderhoude uit te kom. Meer as 150 werkgewers het met ons saamgewerk om koopbewyse aan werksoekers uit te reik; meer as 2 300 werksoekers het vir koopbewyse geregistreer; ongeveer 50% van die koopbewysgebruikers wat onderhoude gehad het, het werk gekry; en meer as 90% het verslag gelewer dat die program vir hulle voordelig was.

Met meer as 240 000 mense wat in die landbousektor in die Wes-Kaap werksaam is, is sy potensiaal vir verdere werkskepping onmiskenbaar.

Daarom moet ons selfs meer doen om die talle geleenthede in hierdie kritieke bedryf te laat groei. Die Wes-Kaap se landbouverwerkingsuitvoer na die res van Afrika het die afgelope paar jaar van 35% tot 37% toegeneem, en die relatiewe aandeel van primêre landbou en landbouverwerking na die Amerikas het van 6% tot 9% en 7% tot 10% toegeneem.

Die afgelope jaar het ons aansienlike vordering gemaak met die ondersteuning van ons landbousektor en landelike gemeenskappe. Hier volg 'n paar van ons prestasies:

- Ons het 35 landelike projekte voltooi, wat 1 417 werksgeleenthede geskep het en 31 471 hektaar landbougrond gerehabiliteer het.
- Direkte ondersteuning vir 13 rooivleisprodusente, twee graanprodusente en 19 swart kommersiële boere.
- Bystand vir kleinboere, bestaansboere en voedselveiligheidsinisiatiewe, wat 3 930 huishoudings help om voedseltuine te vestig.
- Befondsing vir die Laer-Olifantsrivier Watergebruikersvereniging om 268 km se betonbeklede kanale in stand te hou – om ongeveer 840 plase in die streek te ondersteun.
- Belegging van R25 miljoen om die Provinsiale Veeartsenykundige Laboratorium te moderniseer – om te verseker dat die kos wat jy eet veilig is en dat ons boere teen voorkombare veesiektes beskerm word.
- In die afgelope finansiële jaar alleen het ons Veterinêre Uitvoersertifiseringskantoor 15 203 uitvoersertifikate uitgereik – wat bevestig dat diere en diereprodukte van hierdie provinsie aan internasionale standaarde voldoen.
- En ons pogings om met toerisme nog meer werksgeleenthede te skep, werp vrugte af.

Toerisme is 'n kritieke ekonomiese drywer. Die Wêreld Ekonomiese Forum skat dat vir elke 30 nuwe toeriste na 'n plek, een werksgeleentheid geskep word. Ons het dus 'n teiken gestel van eenmiljoen bykomende internasionale toeriste wat sal help om meer as 33 000 werksgeleenthede te skep.

Die aantal aankomste by Kaapstad Internasionale Lughawe in Desember 2024 het tot die hoogste in 12 jaar gestyg – 160, 537 internasionale aankomste is in net een maand aangeteken!

Dit is grootliks te danke aan Kaapstad se Air Access-inisiatief. Hierdie projek wys dat langtermynwerk vrugte afwerp. Van sy nederige begin byna 'n dekade gelede vlieg Kaapstad se Air Access nou hoër as ooit. Hierdie inisiatief tussen die provinsiale regering, Wesgro, en Kaapstad Internasionale Lughawe maak die Wes-Kaap se lugruim verder oop vir meer toeriste en bestemmings. Sewe nuwe lugrederye, deur sewe roetes, land in die Wes-Kaap, met eenmiljoen inkomende sitplekke bygevoeg.

Ons het Saterdagmiddag die eerste toeroperateurs van China onder die Trusted Tour Operating-skema by Kaapstad Internasionale Lughawe verwelkom. Volgende keer wanneer ek op die lughawe is, hoop ek dat ek die eerste passasiers van die direkte vlug tussen Kaapstad en Sjanghai sal verwelkom.

By die see verwelkom ons steeds besoekers. Die vaartuigbedryf het gedurende die 2023-'24-seisoen R1,32 miljard tot die Wes-Kaap se ekonomie bygedra, vergeleke met R1,2 miljard die vorige seisoen, ondanks 'n effense daling. Toerskippassasiers, vaartuie en bemanning het R1,5 miljard se uitgawes gegeneer, wat 1 965 werksgeleenthede in verskeie sektore ondersteun het.

Indien ons egter wil aanhou om hierdie grondslae wat ons het as 'n hefboom te gebruik, moet ons seker wees dat ons 'n arbeidsmag het wat hierdie geleenthede kan aangryp.

Die sukses van ons provinsie begin in ons klaskamers, in ons gesondheidsfasiliteite, op ons paaie en in ons landelike gebiede, waar ons inwoners toerus om 'n welvarende ekonomie wat ryk is aan werkseleenthede, binne te tree.

Opvoeding van ons toekomstige arbeidsmag

Ons matriekklas van 2024 het uitgeblink met 'n slaagsyfer van 86,6%, 'n 5,1 persentasiepunt verhoging op verlede jaar, asook die hoogste slaagsyfer ooit vir die Wes-Kaap.

Elke Graad 12, hul gesinne, gemeenskappe en skole het deur hul toewyding en harde werk tot hierdie prestasie bygedra.

Die provinsie se baccalaureuslaagsyfer, wat 'n deurslaggewende aanwyser van die gehalte van matriekslag is, het ook met 5,6 persentasiepunte tot 47,8% toegeneem.

Ons is ongelooflik trots daarop dat ons provinsie en matrieks vanjaar weer die topslaagsyfers vir Wiskunde en Fisiese Wetenskap behaal het, met 'n Wiskundeslaagsyfer van 78.0%, en Fisiese Wetenskapslaagsyfer van 79.4%. Ons kandidate het ons hoogste aantal vakonderskeidings tot nog toe behaal, met 11 699 kandidate wat 'n totaal van 27 948 onderskeidings behaal het. Dit is die tweede hoogste onderskeidingskoers nasionaal.

Ons het ook die tweede hoogste slaagsyfer in die land vir leerders met spesiale onderwysbehoefte (LSOB) op 91,0%, en die hoogste baccalaureuslaagsyfer in die land vir LSOB-leerders op 63,3%.

En weereens kom Suid-Afrika se topmatriekleerder van hierdie provinsie! Welgedaan aan Rayyan Ebrahim van Hoërskool Pinelands.

Ons is veral trots op leerders en onderwysers wat, ten spyte van hul omstandighede, hul resultate geleidelik verbeter:

- Joe Slovo Sekondêre Skool in Khayelitsha is een so 'n instelling. Dié skool het 'n matriekslaagsyfer van 99,3% behaal, vergeleke met 87,2% die vorige jaar en hul hoogste slaagsyfer sedert die Nasionale Senior Sertifikaat in 2008 ingestel is.

Maar daar is baie meer van regoor die provinsie:

- Hoërskool Spine Road – Mitchells Plain – Slaag 100%, Baccalaureus 91,8%
- Hoërskool Mondale – Mitchells Plain – Slaag 99,2%, Baccalaureus 81,0%
- Usasazo Sekondêre Skool – Khayelitsha – Slaag 99,1%, Baccalaureus 61,8%
- COSAT – Khayelitsha – Slaag 98,3%, Baccalaureus 74,4%
- Hoërskool South Peninsula – Dieprivier – Slaag 98,3%, Baccalaureus 79,6%
- Bernadino Hoogtes Sekondêr – Kraaifontein – Slaag 98,0%, Baccalaureus 79,1%
- Hoërskool Rylands – Gatesville – Slaag 97,8%, Baccalaureus 73,2%
- Chris Hani Sekondêr – Khayelitsha – Slaag 97,8%, Baccalaureus 68,8%
- Kairos Sekondêre Skool – Heidelberg – Slaag 97,3%, Baccalaureus 52,7%
- Hector Peterson Sekondêre Skool – Wallacedene – Slaag 97,0%, Baccalaureus 55,7%
- Uxolo Sekondêre Skool – Khayelitsha – Slaag 96,2%, Baccalaureus 56,5%

- Hoërskool Sentraal – Beaufort-Wes – Slaag 95,5%, Baccalaureus 62,7%
- Bastiaanse Sekondêre Skool – Beaufort-Wes – Slaag 86,9%, Baccalaureus 20,0%
- Hoërskool Laingsburg – Laingsburg – Slaag 82,7%, Baccalaureus 30,8%
- Hoërskool Zwartberg – Prins Albert – Slaag 97,1%, Baccalaureus 36,8%

Hierdie resultate berei ons matriekleeders voor om deel te word van 'n florerende en groeiende arbeidsmag in hierdie provinsie, land en regoor die wêreld.

Ons pogings om die gehalte van ons toekomstige arbeidsmag verder te verbeter word erken. Die Wêreldbank se Onderwyssektor-ontledingsverslag, wat verlede September vrygestel is, het inisiatiewe soos die #BackOnTrack en Rapid School Build-programme uitgesonder as voorbeelde van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se vermoë om rats en kreatief te wees om probleme te oorkom.

15 450 Graad 4- en 7-leerders van 223 laerskole sal vanjaar Saterdagklasse bywoon, as deel van die #BackOnTrack-inisiatief. Hierdie klasse sal op Wiskunde en Tale fokus.

8 000 Graad 12-leerders sal akademiese ondersteuning ontvang terwyl hulle vanjaar vir hul matriekeksamen voorberei. Dit sal Saterdagklasse en hersieningskampe gedurende die herfs-, winter- en lenteskoolvakansie insluit.

Ons onderwysers sal ook professionele ontwikkelingsondersteuning ontvang deur die #BackOnTrack-program.

Persoonlike opleiding sal aan 2 483 Graad 1-, 4-, 7-, 8-, 9-, 10- en 11-onderwysers verskaf word, met 'n primêre fokus op Wiskunde en Tale.

Boonop sal aanlyn opleiding beskikbaar wees vir alle onderwysers vir Graad 8-tale en 'n verskeidenheid Graad 10- en 12-vakke. Hierdie sessies is verlede jaar goed bygewoon, met sessies wat tot 540 onderwysers gelok het.

Die departement se jaarlikse sistemiese toetsresultate vir 2024 bevestig dat goeie vordering gemaak word om die leerverliese wat ons ervaar het weens die COVID-19-pandemie deur die #BackOnTrack-inisiatief om te keer. Die Wes-Kaap is die enigste provinsie in die land wat jaarlikse sistemiese toetse in Wiskunde en Taal vir leerders in Graad 3, 6 en 9 doen.

Die slaagsyfers vir Graad 9-Wiskunde en Graad 3-Taal is nou hoër as wat dit in 2019 was.

'n Studie van Universiteit Stellenbosch bevestig ook dat #BackOnTrack beduidende sukses getoon het om leerverliese wat deur die pandemie veroorsaak word te versag. Die studie het bevind dat die program vakspesifieke herstel van 'n ekwivalent van tot 205 skooldae se leer bewerkstellig het, en dat die grootste winste vir Afrikaans- en isiXhosa-sprekende leerders was wat ekstra #BackOnTrack-klasse bygewoon het.

Ek het verlede jaar in een van hierdie klasse gesit en was verheug oor die gretigheid van leerders en onderwysers om aan hierdie program deel te neem, al het dit beteken dat 'n paar Saterdagdae opgeoffer moes word.

Belegging in ons jeug: die werksmag van môre

Ons toewyding aan ons provinsie se jeug begin en eindig nie in die klaskamer nie. Ons belê in en ondersteun die arbeidsmag van die toekoms – ons verseker dat jong mense die vaardighede, kennis en geleentheid kry wat hulle nodig het om te floreer.

Terwyl ons jeugwerkloosheidsyfer meer as 10 persentasiepunte laer is as ander provinsies moet ons aanhou om vorentoe te beweeg. Daarom werk ons saam met vennote om paaie na werk, entrepreneurskap en verdere onderwys te skep:

- Ons Ervaringsleerprogram het meer as 12 000 jongmense gehelp om vaardighede op te doen in velde wat wissel van ambagte en klere en tekstiele, tot sakeproses-uitkontraktering en gasvryheid.
- 417 matrikulante het in 2024 hul eerste werkservaring deur die PAY-program opgedoen.
- Die MOD-program sal na 500 plekke uitbrei en jaarliks 200 000 leerders bereik. In 2024 alleen het dit meer as 65 000 leerders oor 181 MOD-sentrums ondersteun.
- 1 500 werkseleenthede gaan geskep word deur ons vennootskap met Northlink-kollege, wat TVET-studente gaan help om praktiese ervaring in afrigting en ontspanning op te doen.

Ons kon nie hierdie resultate bereik sonder ons private sektor en NRO-vennote nie:

- Fancourt Hotel het meer as 60 YeBoneers vir opleiding ingeneem.
- Lepco skep logistieke entrepreneurskapseleenthede vir 10 jongmense.
- Dotsure en Old Mutual bou 'n pyplyn na die versekeringsbedryf, terwyl honderde YeBoneer-alumni nou onderrig en vroeëkindertontwikkeling studeer.
- Ons Masakh'iSizwe-beursprogram ondersteun 174 gegradueerdes in die beboude omgewing, met 61% van die gegradueerdes wat in poste in die provinsiale departement van infrastruktuur geplaas is.

Jeug wat hul gemeenskappe beïnvloed

- 40 000 kinders is ondersteun om 'n liefde vir lees te ontwikkel, danksy YeBoneers wat langer biblioteekgeletterdheidsure het.
- 6 000 versorgers is bemaatig om kinders met geletterdheid en lewensvaardighede te help.
- Die Community Art Centres-netwerk (CACNET) het van 12 tot 52 sentrums gegroei, wat veilige ruimtes bied vir die jeug om hulself uit te druk en maatskaplike kwessies aan te pak.

Chrysalis-akademie: 'n erfenis van bemagtiging

- Terwyl die Chrysalis-akademie 25 jaar van lewens wat getransformeer is, vier, word ons herinner aan die krag van veerkragtigheid. Baie van hulle gegradueerdes, saam met ons YeBoneers, is 'n bewys dat selfs wanneer daar teëspoed oor jou pad kom, harde werk en vasberadenheid tot sukses lei.
- Deur al hierdie inisiatiewe kweek ons 'n kultuur van uitnemendheid. Ons leer ons jongmense om hard te werk, hoog te mik en nooit moed op te gee nie — net soos hierdie regering elke dag doen.

'n Gesonde en versorgde bevolking

Vir die Wes-Kaap om ekonomies te floreer, moet ons ons inwoners ondersteun wanneer hulle dit die nodigste het en verseker dat hulle gesond is om geleentheid te benut – of hulle nou in die klaskamer op die sportveld of in die arbeidsmark is. Daarom belê ons alles wat ons kan, ten spyte van ons beperkings, in ons gesondheids- en maatskaplike dienste.

